



Verwysing: 20161117-6223
4/2/P
Navrae: E Bezuidenhout

Omsendbrief: 0001/2017
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Kringbestuurders, Hoofde:
IBB-koördinerings- en -advies; Adjunk-direkteure, Prinsipale en Voorsitters van
beheerliggame van openbare skole

Kort opsomming: *Artikel 43(5) van die Suid-Afrikaanse Skolewet (SASW), 1996 (Wet 84 van 1996), bepaal dat die beheerliggame van 'n openbare skool jaarliks teen 30 Junie 'n afskrif van die vorige jaar se geouditeerde finansiële state aan die distrikskantoor moet stuur. Hierdie omsendbrief handel oor die aanstelling van skoolouditeure ingevolge artikel 43 van die SASW.*

Onderwerp: Die aanstelling van 'n persoon om die finansiële rekords van gewone openbare skole te ondersoek en daarvoor verslag te doen

1. Artikel 43(1) aanstellings

Ingevolge artikel 43(1) van die SASW, moet 'n beheerliggame van 'n openbare skool 'n persoon aanstel om as 'n ouditeur ingevolge die Wet op die Ouditprofessie, 2005 (Wet 26 van 2005) die rekords en finansiële state soos na verwys in artikel 42 van die SASW, te audit.

2. Dokumentasie ingevolge artikel 43(1)-aanstellings

2.1 'n Openbare skool moet die volgende dokumentasie ten opsigte van die persoon wat gekies is om die funksies ingevolge artikel 43(1) van die SASW uit te voer, indien:

2.1.1 Die beheerliggame se notule van die vergadering wat bepaal dat daardie spesifieke ouditeur aangestel is. Hierdie notule moet op 'n skoolbriefhoof aangebly en deur die voorsitter of sekretaresse van die beheerliggame onderteken en gedateer word. (Let asseblief daarop dat verwys moet word na die relevante subparagraaf wat met die aanstelling van die ouditeur verband hou.)

2.1.2 'n Gesertifiseerde afskrif van bewys van registrasie as 'n ouditeur.

3. Aanstellings ingevolge artikel 43(2)(a)

3.1 In die geval waar 'n oudit soos na verwys in artikel 43(1) van die SASW, nie redelikerwys uitvoerbaar is nie, moet die beheerliggaam van 'n skool 'n persoon aanstel om die rekords en finansiële state van die skool te ondersoek en daarvoor verslag te doen, soos na verwys in artikel 42 van die SASW. Ingevolge artikel 60 van die Wet op Beslote Korporasies, 1984 (Wet 69 van 1984), soos bepaal in artikel 43(2)(a) van die SASW, moet hierdie persoon gekwalifiseerd wees om die pligte van 'n rekenpligtige beampte uit te voer.

3.2 Hier volg 'n lys van professionele liggame waarmee rekenpligte beamptes geassosieer kan word:

- Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAIGR)
- Ouditeure wat by die Onafhanklike Regulerende Raad vir Ouditeure (ORRO/PAAB) geregistreer is
- Geoktrooieerde Sekretarisse van Suider-Afrika (GSSA/ICSA)
- Geoktrooieerde Instituut van Bestuursrekenmeesters (GIBR)
- Suid-Afrikaanse Instituut vir Professionele Rekenmeestersprofessie (SAIPR)
- Instituut vir Rekeningkunde & Handel (IAC)
- Vereniging van Geoktrooieerde Gesertifiseerde Rekenmeesters (VGGR)
- Geoktrooieerde Instituut van Besigheidsbestuur (CIBM)
- Die Suid-Afrikaanse Instituut vir Besigheidsouditeure (SAIBO)
- Die Suid-Afrikaanse Instituut vir Owerheidsouditeure (SAIGA)

4. **Dokumentasie vir aanstellings ingevolge artikel 43(2)(a)**

4.1 'n Openbare skool moet die volgende dokumentasie ten opsigte van die persoon wat gekies is om die funksies ingevolge artikel 43(2)(a) van die SASW uit te voer, indien:

4.1.1 Die beheerliggaam se notule wat bepaal dat die spesifieke rekenpligtige beampte aangestel is. Hierdie notule moet op 'n skoolbriefhoof aangebring en deur die voorsitter of sekretaresse van die beheerliggaam onderteken en gedateer word. (Let asseblief daarop dat daar na die relevante subparagraaf wat met die aanstelling verband hou, verwys moet word.)

4.1.2 'n Gesertifiseerde afskrif van bewys van registrasie as 'n rekenpligtige beampte by een van die professionele liggame soos in paragraaf 3.2 gelys.

5. **Aanstellings ingevolge artikel 43(2)(b)**

Wanneer dit nie redelikerwys prakties is om 'n persoon ingevolge artikel 43(1) of artikel 43(2)(a) aan te stel nie, moet 'n openbare skool 'n persoon aanstel wat aangestel is deur die Minister verantwoordelik vir onderrig in die Wes-Kaap om die

rekords en finansiële state te ondersoek en daarvoor verslag te doen, soos na verwys in artikel 42 van die SASW.

6. **Dokumentasie ingevolge artikel 43(2)(b)-aanstellings**

- 6.1 Die beheerliggaam van 'n openbare skool moet die volgende dokumentasie indien vir goedkeuring van 'n sodanige aanstelling:
 - 6.1.1 Die beheerliggaam se notule van die vergadering wat bepaal dat daardie spesifieke rekenpligtige beampte aangestel is. Hierdie notule moet op 'n skoolbriefhoof aangebring en deur die voorsitter of sekretaresse van die beheerliggaam onderteken en gedateer word. (Let asseblief daarop dat daar na die relevante subparagraaf wat met die aanstelling verband hou, verwys moet word.)
 - 6.1.2 'n Voltooide SBM02-aansoekvorm (sien bylaag A).
 - 6.1.3 'n Onlangs bygewerkte CV (dokumentasie wat die relevante werkservaring toon).
 - 6.1.4 Gesertifiseerde afskrifte van kwalifikasies (daar word aanbeveel dat die persoon oor 'n finansiële kwalifikasie/graad moet beskik).
 - 6.1.5 'n Gesertifiseerde afskrif van die aansoeker se identiteitsdokument.

7. **Algemeen**

- 7.1 Inligting soos na verwys in paragrawe 2, 4 en 6 moet aan die relevante distrikskantoor gestuur word om vir volledigheid nagegaan te word.
- 7.2 Die distrikskantoor sal onvolledige aansoeke na skole terugverwys.
- 7.3 Distrikskantore moet volledige inligting en aansoeke, soos na verwys in paragraaf 7.1, via e-pos aan Hoofkantoor stuur by:

Elton.Bezuidenhout@westerncape.gov.za en CC Ryan.Dawson@westerncape.gov.za

Of

pos na/met die hand aflewer by Grand Central Towers, 7de Vloer, Kamer 7-18, Laer Parlementstraat, Kaapstad, of vir die aandag van R Dawson, Direkoraat: Bestuursrekeningkunde, Wes-Kaap Onderwysdepartement, Privaatsak X9114, Kaapstad 8000.

- 7.4 Onvolledige aansoeke sal na die distrikskantoor terugverwys word.

- 7.5 Die aansoekproses sal saamval met die verkiesing van 'n nuwe beheerliggaam en sal vir 'n driejaarsiklus van krag wees.
- 7.6 Ouditeursbesonderhede sal op die SOBIS beskikbaar wees. Toegang kan soos volg verkry word:
- Teken aan op SOBIS.
 - Kies "Public Ordinary."
 - Klik op "Submit".
 - Klik op "Proceed", beweeg die wyser na die "Administration" menu-item en klik op "General Information".
- 7.6.1 Volg die toepaslike prosedure soos uiteengesit in hierdie omsendbrief om die ouditeur se besonderhede wat vertoon word te verander.
- 7.6.2 Vir u gerief en as bevestiging, sal 'n volledige lys van die goedgekeurde ouditeure op die SOBIS beskikbaar gestel word.
8. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokkenes, insluitende die ouditeur, rekenpligtige beampte of persoon wat aangestel is om hierdie dienste te verrig.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2016-12-15



**Wes-Kaapse
Regering**
Onderwys

SBM - 02

Adres/Address: Direkoraat: Bestuursrekeningkunde, WKOD, Grand Central Towers, Laer-Parlementsraat, Privaatsak X9114, Kaapstad 8000.
Directorate: Management Accounting, WCED, Grand Central Towers, Lower Parliament Street Private Bag X9114, Cape Town, 8000. Tel.: (021) 467-2192, Faks/Fax 467-2594.

Aansoek om goedkeuring ingevolge artikel 43(2) van die SA Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996), deur die LUR verantwoordelik vir Onderwys, van die beheerliggaam se aanstelling van 'n persoon verantwoordelik vir die ondersoek van en verslagdoening oor die inrigting se rekords en finansiële state.

Application for approval in terms of Section 43(2) of the SA Schools Act, 1996 (Act 84 of 1996), by the MEC responsible for Education, of the governing body's appointment of a person to examine and report on the records and financial statements of the institution.

Besonderhede van Onderwysinrigting / Educational Institution:

Obis nommer / Emis Number	
Naam/Name	
Telefoon/Telephone	
Distrikskantoor / District Office	

Besonderhede van Persoon / Details of Person

Volle voorname/Full first names		
Van/Surname		
Identiteitsnr/Identity No		
Posadres/Postal address		
Telefoon/Telephone	()	Selfoon/Mobile :
E-pos-adres/Email address		
Enige kriminele oortredings? Any criminal offences?	Ja/Yes Nee/No	Indien Ja, verskaf asb besonderhede op 'n addisionele bladsy. If Yes, please supply particulars on an additional page.
Doit voorheen insolvent verklaar? Ever been declared insolvent?	Ja/Yes Nee/No	Indien Ja, verskaf asb besonderhede op 'n addisionele bladsy. If Yes, please supply particulars on an additional page.

Beheerliggaam : Governing Body

Geteken/Signed :	Datum/Date :
Naam en Van/Name and Surname:	
Telefoon/Telephone: ()	Sel/Mobile:

Verklaring deur aansoeker / Declaration by applicant

Ek, _____, verklaar hiermee dat ek jaarliks onafhanklik sal verslag doen teen 30 Junie oor die rekords en finansiële state van die inrigting vir die periode 1 Januarie tot 31 Desember. Ek sal geen finansiële of enige ander voordele aanvaar wat my onafhanklikheid om my pligte uit te voer sal beïnvloed nie. Ek het geen finansiële belang by die sake van die inrigting nie.

I, _____, hereby declare that I will annually by 30 June report independently on the records and financial statements of the institution for the period 1 January to 31 December. I will not accept any financial or other benefits that may influence my independence to perform my duties. I have no financial interest in the business of the institution.

Geteken/Signed : _____ Datum/Date _____
Aansoeker/Applicant